

26 Mei

Skrifgedeelte: Markus 16:1-8

Fokusgedeelte: Markus 16:6,7

'n Persoonlike boodskap in vir 'n berouvolle sondaar

Dood is dood, sê sommige mense. In die teologiese debat slaan dit elke nou en dan deur met bewerings dat Jesus nie werklik liggaamlik uit die dood opgestaan het nie. Die implikasie van so 'n standpunt is dat Jesus, die Verlosser, dood is - 'n dooie Verlosser!? In 1 Korintiërs 15:14 is Paulus uitgesproke oor die saak: "En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud." Met die boodskap van die liggaamlike opstanding van Jesus Christus uit die dood staan of val die Christelike geloof.

Die boodskap van Jesus se opstanding uit die dood is die boodskap van 'n lewende Verlosser. Hy is die Verlosser wat op die opstandingsdag 'n persoonlike boodskap stuur aan Petrus wat Hom drie maal verloën het deur te sê dat hy Hom nie ken nie. Petrus is die brawe dissipel wat vroeër gesê het (Luk 22:33): "Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan". Hy is die lafhartige Petrus oor wie geskryf staan (Mark 14:71): "Toe begin hy vloek, en hy sweer: 'Daardie man van wie julle praat, ken ek nie'." Hy is ook de berouvolle Petrus, wat nadat Jesus vir hom gekyk het na buite gegaan en bitterlik gehuil het (Luk 22:62).

Die engel sê by die leë graf vir die vroue (Mark 16:7): "...gaan sê vir sy dissipels *en in die besonder vir Petrus*: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe." (Kursivering deur outeur.) Hy lewe! Almal moet dit hoor en weet. Hier is ook 'n persoonlike boodskap vir elke sondaar met berou. Jou Verlosser leef! Hy leef deur die dood heen juis om versoening te doen, ook vir jou sondes.

Sing: Skrifberyming 8:1,2 Dr J le Roux (Pretoria-Brooklyn)